Afrikaans Tweede Taal SG VR1 **November 2007**

Begrip:

- instruksies word nie gevolg nie,
  - spesifiek: reëls word nie oopgelaat tussen antwoorde nie
  - vrae word nie in die korrekte volgorde beantwoord nie
  - kandidate versuim om nommers neer te skryf
- kandidate weet nie wat "opeenvolgend" beteken nie
- kandidate het gebrekkige woordeskat en verstaan nie die teks nie
- insig-vraag is swak beantwoord
- kandidate laat motiverings uit by die WAAR/ONWAAR-vrae
- kandidate sukkel om hulself uit te druk en haal gevolglik bykans 'n hele paragraaf aan of skryf die dele van die leesstuk oor wat die vraag impliseer

Opsomming:

- **baie** kandidate beantwoord nie hierdie vraag nie
- die opsomming moet beter afgerig word
- kandidate weet nie wat 'n volsin is nie. Werkwoorde en voornaamwoorde word uitgelaat
- 'n groot % het swak of uiters gebrekkige leesbegrip gedemonstreer
- baie sê "moet nie" i.p.v moenie
- aantal woorde word nie aangedui nie
- nalatige taalfoute word gemaak
- selfs al wemel dit van die taalfoute, behaal kandidate dikwels hoë punte
- herhaling van dieselfde feit kom voor
- direkte aanhalings moet vermy word
- kandidate skryf in paragraafvorm
- kandidate skryf meer as een sin oor dieselfde feit
- taalfoute soos die v olgende kom voor:
  - woororde
  - woordkeuse, bv. het/hê, se/sê
  - leestekens
  - hoofletters aan die begin van sinne
  - verkeerde gebruik van voornaamwoorde
  - verkeerde gebruik van voorsetsels
  - infinitiewe en die woordorde daarvan
  - Engelse woord word net so gebruik of net effens verafrikaans

Taal:

Kandidate toon gebrekkige kennis van:

- vorme van ontkenning. Let veral op "moenie" i.p.v "moet nie"
- voegwoorde en sinsorde wanneer voegwoorde gebruik word
- leestekens
- intensiewe vorme –woorde word ook nog dikwels apart geskryf
- lydende vorm
- indirekte rede
- infinitiewe
- voorsetsels en voorsetselgroepe
- tye (Basiese verelede tyd kan bv. nie gedoen word nie)
- los-en vasskryf van woorde en die betekenisverskil

- woordorde van tyd, wyse en plek
- punte by afkortings
- samestellings bv. hand+doek
- sinonieme en antonieme
- deelteken en ander skryftekens word verkeerd gebruik

Vraag 7 word verkeerd geïnterpreteer.

- Kandidate gebruik nie direkte woorde nie, maar beskryf wat op die prent gebeur.
- Direkte vertalings is ook dikwels aangetref.
- Baie kandidate het vraag 7 heeltemal uitgelaat.

Algemene opmerkings:

- laat asb. reëls oop tussen antwoorde
- begin elke nuwe vraag op ‘n nuwe bladsy
- nommer vrae korrek
- hanskrif is soms moeilik om te lees
- werk is soms morsig, bv. met doodtrek
- kandidate moenie die vraag en die antwoord neerskryf nie, net die antwoord.
- gee een antwoord (nie OF of/nie). Slegs die eerste antwoord word gemerk
- leestekengebruik is baie swak
- daar moet aangedui word as ‘n vraag in ‘n ander orde beantwoord is. Punte kan verbeur word as die nasiener nie spesifiek rondblaai en soek nie.